Meatmaster Skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika
Meatmaster Sheep Breeders' Society of South Africa
Posbus 42777, Heuwelsig, Bloemfontein, 9332
70 Wilcocksweg, Bayswater, Bloemfontein, 9301
: 072 384 6251 | E-pos: secretary@meatmastersa.co.za

Meatmaster®
Geld uit die veld
Nature's Moneymaker

**Lede van die Meatmaster Skaaptekersgenootskap**

**Uitnodiging om deel te neem aan Meatmaster Nasionale veiling en Expo – 12 -14 Augustus 2025**

*Geagte Meatmaster lede,*

Ons nooi u uit om aktief deel te neem aan die komende Meatmaster Nasionale veiling en Expo wat vanaf 12- 14 Augustus 2025 plaasvind by die BKB kompleks, Bloemfontein Skougronde.

Alle diere wat aangebied word vir die Nasionale veiling en die Expo moet reeds 11 Augustus 2025 teen 17:00 by die Skougronde wees. Die diere wat aangebied word tydens die Nasionale veiling en eers aan die Expo gaan deelneem, gaan eers by die Expo diere staan. Na afloop van die Expo sal die diere na hulle staanplek geskuif word vir die Nasionale veiling.

**Die Expo:** **12 Augustus 2025**
**Plek:** **BKB Kompleks**
**Tyd: 14:00.**

Tydens die Expo gaan daar twee kategorieë wees waaraan u kan deelneem:

**Kategorie 1**: Statiese uitstalling
U bespreek slegs 'n staanplek waar u diere uitgestal sal word vir besigtiging deur die publiek en ander telers. Geen aanbieding of bespreking is nodig nie.

**Kategorie 2**: Uitstalling en Bespreking
U kan ook kies om, benewens die uitstalling, 'n kort bespreking oor u diere te lewer. Indien u nie self wil aanbied nie, kan iemand anders namens u die diere voorstel en bespreek.

Inskrywings vir diere is onbeperk, maar ons versoek dat u die aantal diere wat u wil bring, asook of u aan die besprekings wil deelneem, aan my deurgee voor 21 Julie 2025. Dit is belangrik sodat ons 'n rooster kan saamstel met tydgleuwe vir die besprekings.

Na afloop van die Expo gaan daar 'n heerlike gesellige braai plaasvind waar ons net lekker gaan kuier.

RAADSLEDE: Jean du Plessis: President, Boemie Saaiman: Visie-President, Prof. Pieter Fourie: Raadslid, Nico Grobler: Raadslid, Charles Freeme: Raadslid, Chris Potgieter: Raadslid

Meatmaster Skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika
Meatmaster Sheep Breeders' Society of South Africa
Posbus 42777, Heuwelsig, Bloemfontein, 9332
70 Wilcocksweg, Bayswater, Bloemfontein, 9301
: 072 384 6251 | E-pos: secretary@meatmastersa.co.za

Geld uit die veld
Nature's Moneymaker

**Die Nasionale veiling vind plaas vanaf op 13 en 14 Augustus 2025**

Die keuring vind plaas 12 Augustus en begin 08:00 die oggend

**Ram veilings:13 Augustus 2025**
**Plek: BKB Kompleks**
**Tyd: 17:00**

**Ooi veilings:14 Augustus 2025**
**Plek: BKB Kompleks**
**Tyd: 10:30**

Ons sien daarna uit om saam met u hierdie week 'n groot sukses te maak. Moet asseblief nie huiwer om ons te kontak vir enige verdere navrae nie.

Met vriendelike groete
Lizanne Vermeulen
072 384 6251

RAADSLEDE: Jean du Plessis: President, Boemie Saaiman: Visie-President, Prof. Pieter Fourie: Raadslid, Nico Grobler: Raadslid, Charles Freeme: Raadslid, Chris Potgieter: Raadslid